*Donderdag* **3**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 9:8-19 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 9:12, 13, 16**

**Noag – God openbaar sy algemene genade in die reënboog**

Ons mag die Here ken. Hy openbaar Homself aan ons in die Bybel, maar ook in die natuur. Hy gee vir ons 'n reënboog in die wolke as versekering van sy heerskappy oor mens en dier.

Alles was so pragtig by die skepping, maar die mens het God diep teleurgestel deur na die duiwel te luister. Die sonde het al erger geword, sodat die Here bedroef was oor die mense wat Hy op die aarde gemaak het. Mens en dier wou Hy van die aarde af wegvee. Tog sien ons dadelik sy genade oor Noag (rus) en sy gesin en oor die diere. Alles word uitgewis, behalwe Noag en sy familie en 'n groepie diere in die ark.

Die water het weer opgedroog en Noag en sy familie en diere kon weer 'n nuwe lewe begin. Dankbaar word offers aan die Here gebring. God sluit 'n verbond met Noag en sy nageslag en met al die lewende wesens, met al die diere – daar sal nie weer so 'n oorstroming wees wat die aarde oorweldig nie. Vers 12: Hy gee die reënboog as die teken daarvan. Wanneer die Here dit sien, sal Hy aan sy verbond dink. As die Here aan ons dink, beteken dit dat Hy met ons besig is, bemoeienis maak, omsien, opsoek, genade betoon.

God gebruik meer tekens, water by die doop, brood en wyn by die nagmaal. Tekens van Jesus se liggaam en bloed. 'n Reënboog. Die reënboog wat Noag kon sien en wat ons kan sien, is die teken – God is in beheer. God regeer, en Hy dink in genade aan ons. Hy vergeet nie sy natuurverbond nie.

God het die reënboog gesien en aan sy ewige genadeverbond gedink – só daaraan gedink dat Hy Jesus Christus gegee het om vir ons sondes te kom sterf en vir ons die ewige rus te gee.

As daar weer donkerwolke in u lewe kom, dink aan die reënboog. Onthou in alles: die Here dink aan jou, ook weer vandag.

*Sing: Psalm 8:3, 4, 5, 6*

*Ds. LM (Lourens) Kruger (Uitenhage)*